


“Gebed wat lewens verander”

25/08/2019 – “Vergifnis”

Matteus 6:12 – “... en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié wat vergewe wat teen ons oortree het.”

Bybel Tyd:  **So:** Jes. 1:18 **Ma:** Ps. 103:12 **Di:** Ps. 103: **Wo:** Kol. 2:13-14 **Do:** Kol. 3:13-14 **Vr:** Matt. 18:21-22 **Sa:** Matt. 18:23-35

Bid Tyd: 

Aanbid (Sang en Gebed) – Doen saam lof en aanbidding

Dankgebed (gebed voor ete): Dankie dat u vir my sonde gesterf het..


Seëngebed (seen mekaar elke oggend so): Vergewe hulle wat jou ten a gekom het..

Gesels Tyd:  **Teks: Matteus 6:12**


Oopskop vraag: Gee elkeen in die groep/huis ’n geleentheid om hulle grootste vreugde of hartseer van die afgelope week/dag te deel.

Raakvat vrae:

1. Kyk na die gedeelte op die DVD en deel met mekaar wat vir julle uitgestaan het.
2. Hoekom is dit belangrik om vergifnis van sonde te kry? (Rom. 6:23; Jes. 59:1-2; Op. 21:27)
3. Wat doen nie-christelike gelowiges om van sonde ontslae te raak?
4. Wat is God se antwoord vir die vergifnis van sonde? (2 Tim. 1:9-11; Rom. 3:21-24; Hand. 4:12)
5. Hoekom voel party Christene steeds skuldig na hulle hul sondes bely het?
6. Wat beteken dit om ander te vergewe soos God ons vergewe het? (Kol. 3:13-14; Matt. 18:21-35)

Speel Tyd:  (Ons spandeer kwaliteit tyd saam)

1. Trek ‘n kaartjie uit die gasvryheidskaarte (kontak die kantoor as jy belangstel in die kaarte)
2. Vergifnis is ons woord vir die week. Plak die woord iewers op in die huis.

Doen Tyd:  (Ons oefen ons geloof op ‘n praktiese manier)

1. Na wie toe reik ons hierdie week uit? 2. Gesels oor julle uitreikprojek.

Riglyne vir vrae:

1. Sommer net 'n lekker gesels vraag.

2. Hoekom is dit belangrik om vergifnis van sonde te kry?

Die Bybel verseker dat elkeen wat sy sonde bely, God vergifnis vir hom/haar sal gee (1 Joh 1:9). Dit beteken dat as my sondes nie vergewe is nie, dit nog op my rus, is ek **onrein en in die skuld voor God**. Met sonde op my gewete loop ek rond met 'n skuldgevoel wat my terughou en **weghou van geestelike groei** en die dinge van God. **Satan is die aanklaer** en as daar sonde in my lewe is, sal hy my bly aankla en my van God vervreem. As ek nie seker is dat ek vergifnis by God gevind het nie, pla skuldgevoelens en voel 'n mens **minderwaardig** en **het jy nie vrede nie**. Dit beteken dat my kled vuil is, en ek besmet en sondig voor God staan. As ek met my sonde sterf, sal ek self daarvoor in **die oordeel** kom en God se toorn en straf sal op my sonde neerkom.

Wat sê die Bybel hieroor?

● Rom 6:23

Die gevolge van sonde in 'n mens se lewe is **die ewige dood**. Dit beteken dat 'n mens deur sonde **vir ewig van God geskei is** en dat die oordeel van God op ons sondes bly rus. 'n Mens moenie dink dat jy sonde kan doen en dan ongedeerd daar anderkant uitkom nie. Die uiteinde en gevolge van sonde is die dood. Hierdie dood dui nie net op die liggaamlike afsterwe nie, maar op die ewige dood naamlik die hel. God wil nie hê dat ons in die oordeel van sonde moet beland nie en daarom het Hy sy Seun gestuur om **vir ons sonde te sterf** en ons straf op Hom te neem. Daarom wil God vir ons die **ewige lewe gee** as ons na Hom toe kom.

● Jes 59:1-2

As 'n mens se sondes nie vergewe is nie, vorm dit 'n **skeidsmuur** tussen ons en God. Dit maak dat ons Hom **nie kan hoor** en dat sy kragtige werking nie in ons lewe kan deurwerk nie. God wil in sy liefde **sy hand uitsteek** en vir ons help, maar ons oortredinge bring skeiding tussen ons en God. Jesaja skryf vir die volk wat in ballingskap onder haglike omstandighede verkeer en vir God vir hulle situasie blameer. Die profeet maak dit egter duidelik dat God vir hulle kan en wil help as hulle net wil wegdraai van die sonde en **na God toe wil terugkeer**. Sonde veroorsaak dat God **vaag en ver** vir 'n mens raak en dat jy sy stem nie duidelik hoor en sy werking in jou lewe nie ervaar nie.

● Op 21:27

Die hemel is die **woonplek van God** en dit **is heilig**. Daar is geen plek vir sonde nie. Niemand sal met sonde in die hemel ingaan nie. Daar is **nie plek vir iets onreins, losbandigs of vals** nie. **Slegs as jou sonde vergewe is**, kan jy God se hemelstad binne gaan. Wanneer Jesus Christus in 'n mens se lewe kom en jou reinig van alle sonde, skryf Hy jou naam in die **boek van die Lam**. Die Lam wat geoffer is vir ons sonde, en ons straf en oordeel aan die kruis van Golgota gedra het.

3. Wat doen nie-christelike gelowiges om van sonde ontslae te raak?

Elke geloof het een of ander siening van wat 'n mens moet doen om van sonde vry te kom. Alle nie-christelike godsdienste propageer dat 'n mens self sekere dinge moet doen om sonde in jou lewe uit te werk. Hulle verkondig **goeie werke en rituele** om God goed te stem, sodat Hy sondes sal afskrywe en die skaalbak dan weer in die

mens se guns draai. So glo die **Moslems** byvoorbeeld dat 'n mens deur goeie werke die hemel kan verdien. Daar is **5 dinge wat jy moet doen** om in die hemel te kan kom. Jy moet elke dag die geloofsbelydenis opsê, jy moet 5 keer 'n dag bid, aalmoese gee, vas gedurende Ramadan en 'n pelgrimsreis na Mekka onderneem. As jy goeie werke gedoen het en jou beywer het vir die saak van Islam, is jou kans goed om hemel toe te kan gaan. **Hinduïsme** leer dat jy verlossing sal vind deur nougeset al die **wette en verpligtinge** van die Hindu-geskrifte na te kom. Dan is selfverloëning en **pyniging** 'n manier hoe jy deur **meditasie** nader aan God kan kom. Uiteindelik moet jy verskillende **gode behaag** om guns te kan kry. Daar is ook ander godsdienstige rituele waar die mens sonder Christus probeer om van sonde ontslae te raak. Daar is mense wat glo dat as jy **gebieg het** en dan selfs ook met geld skuld betaal het, dat jy vergifnis ontvang. Daarom help dit ook as 'n mens **krale deurbid**, rypies opsê en allerhande rituele doen om God se guns te verwerf.

4. **Wat is God se antwoord vir die vergifnis van sonde?**

- **2 Tim. 1:9-11**

Hierdie teksgedeelte leer ons dat ons **onself nie kan red nie**, maar dat God alleen, ons kan red. Hy red ons nie op grond van ons goeie dae nie, maar **op grond van sy liefde en genade** vir ons. Daarom skenk God sy Seun Jesus Christus as Verlosser vir ons sonde. Dit is die **Evangelie** genaamd die **goeie nuus**, dat Jesus Christus ons van sonde wil verlos. Ons kan **onself nie aan ons hare uittrek** uit die put van sonde nie. Jesus se deurboorde hand is na ons uitgesteek en slegs as ons dit vat, red Hy ons uit genade.

- **Rom. 3:21-24**

Paulus verduidelik dat 'n mens **nie** vry kan kom van sonde **deur goeie werke** te doen en al die wette te probeer onderhou nie. **Slegs as ons in Jesus Christus glo**, is daar vir ons vrypraak en vergifnis. Jesus alleen kan sonde wegvat. Ons kan niks doen om onself te reinig en ons skuld weg te kry nie. Ons het wel **almal gesondig** en ons kan nie vergifnis verdien nie. Tog het Jesus gekom en wil Hy ons uit genade, sonder verdienste vrymaak van sonde. God ignoreer nie 'n mens se sonde nie, maar laat **die straf** en oordeel daarvoor **op sy Seun afkom**. Daarom is daar nou **geregtigheid bewerk** en kan God ons vryspreek as ons in sy Seun glo.

- **Hand. 4:12**

Die mense kan baie slim wees en elkeen kan sy eie verlossing op sy manier probeer uitwerk. Elke godsdienst kan 'n eie filosofie hê en 'n voorskrif om nader aan God te kom. Die Bybel leer egter dat daar **net een Naam onder die hemele gegee** is waardeur die mense gered sal word. Hierdie Naam is die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, wat na hierdie wêreld gekom het om vir die mense se sonde te betaal en die straf te dra. Jesus het die **reg verdien om sonde te kan vergewe**. Hy het opgevaar na die hemel en **sit aan die regterhand van God** waar Hy nou vir ons sonde kan intree. Niemand kan die sonde in God se boeke uitvee behalwe Jesus sy Seun, wat aarde toe gekom het om die prys te betaal, en nou in die hemel by God is. As Christus verwerp word, is daar geen vergifnis van sonde moontlik nie.

5. **Hoekom voel party Christene steeds skuldig na hulle, hul sondes bely het?**

Satan is die aanklaer en sal ons steeds bly beskuldig oor foute in ons verlede. Soms het mense so 'n groot skuldgevoel dat dit vir hulle **voel asof hulle sonde te groot is** vir vergifnis. Mense verstaan ook nie dat God se genade en vergifnis so groot is dat Hy ons volkome kan reinig en verlos van alle sonde nie. Die Bybel verseker vir ons

dat dit die waarheid is dat daar **vergifnis is vir alle sonde** en dat elke kleed kan skoon kom, al was dit hóé beplek gewees. Satan is egter die leuenaar wat vir ons wil wysmaak dat sekere sondes te groot is vir God om te vergewe. Party mense se **emosies is nog stukkend** en verwar hulle omdat hulle nie beter voel nadat hulle vergifnis gevra het nie. 'n Ander rede is dat Christene nie geleer het om te **staan op die waarheid van God se Woord** nie. Ons ken nie God se beloftes nie en ons gryp dit nie in geloof vas en maak ons eie nie. Miskien voel iemand skuldig nadat hy met God reggemaak het, omdat God wil hê dat hy ook **met iemand anders moet gaan regmaak** en gaan versoen.

6. As ek nie iemand wat my te na gekom het kan vergewe nie sê ek eintlik dat ek self nie vergifnis ken nie. Wanneer ek grootsheid van my skuld voor God verstaan en dan sy vergifnis my eie kan maak, kan dit my nie onaangeraak laat nie! Omdat ek genade ontvang het, kan ek dit vrylik uitdeel. **Belydenis** is nie 'n vergifnis verwerwer nie, maar 'n verhoudingshersteller.